Lede van die EDULIS Biblioteek/Bronnesentrums kan hierdie en soortgelyke bronne uitneem.

Saamgestel deur **J Cloete**, November 2014.

1st Floor, Middestad Mall / Private Bag X9099
Charl Malan Street, BELLVILLE 7530 / CAPE TOWN 8000

Tel: 021 957 9618 Fax: 021 948 0748
E-mail: edulis@pgwc.gov.za
http://edulis.pgwc.gov.za

1ste Vloer, Middestad Mall / Privaatsak X9099
Charl Malanstraat, BELLVILLE 7530 / KAAPSTAD 8000


Tel: 021 957 9618 Faks: 021 948 0748
E-pos: edulis@pgwc.gov.za
http://edulis.pgwc.gov.za



# PRENTEBOEKPRET








# GRONDSLAGFASE

## PRENTEBOEKPRET

Antjie Krog stel dit treffend: "Maak nie saak hoe arm nie, 'n kind wat lees, is 'n bevoorregte kind. Maak nie saak hoe verwaarloos of verlate nie, 'n kind wat lees, is 'n gekoesterde kind. Maak nie saak hoe geestelik verarm 'n familie is nie, 'n kind wat lees, is 'n intelligente en ingeligte kind. Maak nie saak hoe onverdraagsaam 'n gemeenskap is nie, 'n kind wat lees, begryp en verstaan. Maak nie saak hoe onmenslik 'n gemeenskap is nie, 'n kind wat lees, word 'n menslike kind." (Vriende van Afrikaans)

## VEREISTES VIR 'N GOEIE PRENTEBOEK

Prenteboeke moet goeie voorleeskwaliteit hê.

Prenteboeke moet die lesertjie grootoog van opwinding maak. Dit moet die luisteraar of lesertjie betower! Dit moet lekker wees om te lees!

Illustrasies moet oor 'n ontploffing van helder kleure beskik. Hierdie visuele element van prenteboeke is van kardinale belang om tot leesontdekking aan te spoor.

Die illustrasies moet die teks aanvul en ophelder en opsigself die storie help vertel om begrip te bevorder.

Die titel en voorbladillustrasies, asook omslag moet trefkrag hê om tot lees en voorlees aan te spoor.

Laat die storie die lesertjie aanmoedig om self die einde op te maak, self die held te wees.

Die lesertjie moet met die inhoud kan identifiseer.

Positiewe rolmodelle in storietjies moet die leser bemagtig.

Prikkelende voorlees moet tot selflees aanleiding gee en dus 'n liefde vir boeke kweek.

Ritmiese taal, rymklanke, alliterende klanke of maklike rympies versterk die leesopwinding. Die kind geniet die spel met klank, dit bevorder leesgereedheid.

Sinstrukture moet eenvoudig wees om betekenis duidelik oor te dra. Woorde wat herhaal word, help om woordherkenning te vergemaklik.

Elke voorlees- en selfleeservaring moet 'n ontdekkings – en verkenningstog wees om woordeskat uit te bou en die verbeelding te verryk. Die geliefde sprokies en interessante karaktertjies moet vir ewig in die geheue ingebrand wees.

Prenteboeke moet die leestraes en leessukkelaars aanhelp.

Opwipboeke moet visuele geletterdheid bevorder. Boekopvoeding is nodig met hantering van hierdie boeke. Sien "**<u>Boeke is maats</u>**".

## OPWIPBOEKE IN ONS VERSAMELING




| | |
|---|---|
| Lili die wensfeetjie | – E. Thomson |
| Wirrel-warrel-woud | – A. Sceffler |
| Bybelstories opwipboek | - G. Davies |
| Die Platbekpadda | - K. Faulkner |
| My oerwoud – opwipboek | - G. Davies |
| Die Bang Beertjie | - K. Faulkner |
| Njammies | - K. Faulkner |
| Hik! … Hik! …. Hik! | - K. Faulkner |
| Bybelverhale | - T. Dowley |
| Noag se ark | - G. Guile |
| Tien babadiertjies | - G. Guile |
| Op die plaas – tel tot 10 | – G. Davies |

## WAARDE VAN PRENTEBOEKE

Die prenteboek is die kind se eerste kennismaking met boeke, en moet 'n genotvolle emosionele ondervinding wees. Stories, sprokies, fabels ens. leer op subtiele manier lewensvaardighede, wyshede en morele kodes aan.

Woordeskat, taalgebruik, luistervaardighede en konsentrasievermoë word so versterk en uitgebou.

Benut prenteboeke om kinders oor emosionele probleme of sensitiewe sake te laat praat: soos verlies, die dood, egskeiding, seerkry, misbruik, ens.

Benut prenteboeke in lesse - leerders kan baie leer van 'n eenvoudige prenteboek – ongeag ouderdom, leervlak of sosio-ekonomiese omstandighede.

Benut 'n prenteboek om 'n nuwe onderwerp in te lei, 'n konsep te versterk, geskiedenisgebeure te ondersoek of om 'n kykie in die lewe van beroemde mense te kry.

Prenteboeke is nie beperk tot die leesperiode nie, benut dit oor die kurrikum heen as skakel met ander vakke.

Kleuters leer om met karaktertjies te identifiseer. Hul geliefde dierekarakters bly 'n gunsteling.

Die waarde van humor en fantasie word versterk. Dit moedig speel en ontdek aan.

Dit leer kleuters om vryelik oor 'n storie te praat, dit oor te vertel, of oor alles wat vir hulle relevant is.

Prenteboeke stel kreatiwiteit die beste ten toon.

Kinders word gefassineer en betower deur sprokiesverhale oor feetjies en meerminne, hul verbeelding word so daardeur aangegryp. Hulle ontwikkel 'n passie vir sprokies – dink aan die universele trefkrag van Sneeuwitjie en Rooikappie – eenvoudige karakters met wie die kind kan identifiseer. Sprokies maak kinders verbeeldingryk.

'n Storie gee ons helde om na te volg, rolmodelle, 'n storie stel voorbeelde, dit waarsku, dit maak ons paraat. 'n Storie wys na die sterre, dit laat ons ontvlug, lig ons uit 'n donker plek, dit vertel ons dat drome bewaarheid kan word. Dit vermaak, dit laat ons lag.

Dit leer ons oor die lewe, probleme van karakters skakel met regte mense in die regte lewe.

Blootstelling aan prenteboeke verhoog visuele geletterdheid en later kreatiwiteit.

Deur prenteboeke kan die ouer kind wat traag is om te lees, of wat daarmee sukkel, beter vorder en tot lees aangespoor word.

Die kind vertel graag 'n storie oor wat hy geniet het.



## RYMPIEBOEKE

| | |
|---|---|
| My boetie dink hy's Batman en ander rympies | 839.361 JAC |
| Die beste rympies ooit | 398.8 MOT |
| Oempa-kadoempa; rympies vir pret en plesier | 398.8 JAC |
| Woerts in die hoekie: kinderverse | 839.361 AUC |
| Mankepank en ander verse | 839.361 KRO |
| Afrika-diere: rympie en resepte | 641.5123 GOI |
| Kriewel en knor: rympies propvol aksie | 839.361 DON |
| Rympieland (met CD) | M398.8 RYM |
| Minus monsters | 513.212 HAW |
| Die goue kring | 839.363 MEI |
| Die groot boek van rympies en liedjies | 398.8 STI |

**BRONNE:**

**Readingrockets:** http://www.readingrockets.org

**Picture Book Fun:** http://www.earlyliteracylearning.org

**Learning English through sharing picture books:** http://www.britishcouncil.org/

**Vriende van Afrikaans:** http://www.vriendevanafrikaans.co.za

**Helping reluctant readers:** http://www.portlandsc.vic.edu.au
**'n Anderste armoede: Beeld:** http://www.beeld.com
**Child Picture Books:** http://www.suite101.com
**Picture Book Fun:** http://www.ourworldwideclassroom.blogspot.com
**My Klaskamer**— idees en gedagtes uit 'n juffrou se pen: juffer.wordpress.com






## INTEGREER PRENTEVERHALE MET:

### *1. ANDER VAKKE – BV. LEWENSORIËNTERING*

Die kind is nooit te oud of te groot vir prenteboeke nie, moenie jou laat afskrik daardeur nie. As jy klein is, geniet die storie. As jy groter is, laat die verhaaltjie jou bemagtig. As jy oor iets moet praat of skryf, gebruik die verhaaltjie as vertrekpunt.

Stories word benut om geletterdheid te bevorder, liefde vir lees te bevorder en die verbeelding te verbreed, vir woordeskatuitbreiding, woordherkenning, spelling, lees met begrip, gesprekvoering, ens. 'n Chinese gesegde lui:"He who reads widely, owns a gifted pen."

Lewensvaardighede, verdraagsaamheid, respek, ens word beklemtoon, asook 'n aanvoeling tot natuurbewaring. Kinders se vrese kan ook deur prenteverhale aangespreek word.

Die onderwyser benut dit dus om 'n nuwe onderwerp in te lei en sodoende die verhaaltjie te laat skakel met ander vakke.

### *1.1. TITELS WAT HIERMEE SKAKEL:*

**Kameelperde kan nie dans nie:** Karel voel verstote, minderwaardig, hartseer. Daar is 'n mentor, 'n rolmodel wat hom leer dat hy uniek is. Sy selfbeeld, selfvertroue word uitgebou en hy word bemagtig. Leer sy potensiaal ken.

**Die Lelike eendjie:** verwerping, mishandeling, hartseer, waar pas ek in? Behandel my menswaardig, selfbeeld, uniekheid, jy het ook potensiaal, selfontdekking.

**Ster met strepe:** drome, ideale, rolmodel, jou dag sal kom.

**Die Goorgomgaai:** lewensvaardighede, straatgeleerd, bemagtiging, vermy negatiewe rolmodelle en euwels in samelewing en wees paraat. Ken jou "vyand" en weet hoe om hulle te uitoorlê.

**Jy kan nie 'n seekoei skuif nie:** bedagsaamheid, goeie maniere, waardes, respek.

**Dierefabels, S. Pirotta (p.47): Spotvoël en die poue.** Minderwaardigheidskompleks, selfbeeld, selfwaarde, selfidentiteit, mentorskap, rolmodel.

**Otto gaan stap:** Verken jou wêreld, verbreed horisonne, let op waarskuwings, aanmoediging, ens.

**Dis wonderlik wanneer jy glimlag:** gemoedstoestand, omstandighede tuis, opbeuring, aanmoediging.

**Bangkat en Boe:** Oorkom jou vrese, bou aan selfbeeld, word bemagtig, ontpop, ontluik.

**Een vir almal – almal vir een:** bemagtig om potensiaal te bereik.

**Die platbekpadda:** Omgewingsleer, die voedselketting.

**Arboretta, die heks met groen hare:** skakel met groen aktiviste wat groenkwessies aanspreek en bevorder, natuurbewaring, aardverhitting, liefde en sorg vir jou omgewing, hulpbronne, ens.

*2. BIBLIOTERAPIE OF BOEKTERAPIE*

Dit dui op die gebruik van boekies om kinders deur 'n emosionele, moeilike tyd te help. Die karakters in die verhaaltjies gaan deur min of meer dieselfde situasies en so kan die kind met die karakters identifiseer. Die stories bied ook oplossings aan.

Hoe bespreek jy moeilike vrae met 'n kind?

Kinders kan vroeër of later prontuit vrae oor die dood vra. Antwoorde is selde prontuit of sonder eufemismes.

Baie kinders beleef trauma, is uitgelewer aan sosiale euwels in hul gemeenskap, molestering, misbruik, en ervaar hartseer of verlies, ens…

Hoe kan die storie tot terapie by die leser bydra, tot probleemoplossing, berading, hoe kan dit in die kind se lewe toegepas word om sy pyn te verlig?

*2.1. TITELS WAT HIERMEE SKAKEL:*

**Eend, Dood en Tulp:** die dood word hierin natuurlik en openlik met die onlosmaaklike aspek van die mens se bestaan hanteer. Dood was maar altyd Eend se onsigbare kameraad. Wanneer die twee mekaar wel leer ken, is daar nie meer sprake van vrees of die afstand wat Eend vermoed het nie, hy moet saam met Dood kopskud dat die lewe nou maar eenmaal sy eie gang gaan.




**STORIES OP RYM**

| | |
|---|---|
| As ek jy was | 839.363 HAM |
| 'n Beer in 'n grot | 839.363 ROS |
| Verdere avonture van Willemientjie | 839.363 SCH |
| Aspris-krokkedis | 839.363 RAN |
| Mejuffrou Muis kry muisies | 839.363 VANL |
| Kom ons soek Sjalala | 839.363 USH |
| Waar's daai slang | 839.363 JAR |
| Ons hou partytjie | 839.363 HAR |

**RYMPIEBOEKE**


| | |
|---|---|
| Kleuterverseboek | 839.361008 DJO |
| Wurms met tamatiesous | 839.361 JAC |
| Moeder gans se rympies & stories | 398.8 MOT |
| Meerkatrestaurant en ander diererympies | 839.361 WAS |
| 'n Brulpadda in my tas | 839.361 JAC |
| Danie Dreyer se Dinosouruseier en ander alfabetpret | 411 JAC |
| Teddiebeerbus en ander rympies | 839.361 JAC |
| Nuwe kinderverseboek | 839.361008 NUW |
| My eerste rympieboek | 398.8 HUM |






STORIES WAT RYM

RYMPIEBOEKE, RYMPIESTORIEBOEKE



Ritmiese, rymende teks met 'n poëtiese inslag bevorder leesgereedheid.

Rympies is 'n ideale manier om kinders bloot te stel aan die moontlikhede van klank en taal.

Stories met ritmiese, rymklanke, gediggies met helder klankrykheid, help met lees en om klanke te bemagtig. Die kind put genot uit die spel met klank.


Rympies sit woema in woorde. Dit lees maklik. 'n Hele verhaal word in 'n kits vertel.

Die kind se opvoeding is onvolledig sonder die musiek en die pret van poësie.

Kinders wat voor skool al 'n paar rympies ken, staan 'n beter kans om goeie lesers te word.

Die ritme en rympatrone in rympies help kinders om beter te onthou.

Rympies en humorverse is 'n uitstekende manier om trae lesers vir lees te wen.










**Wanneer weggaan vir altyd is:** totsiens sê, afskeid neem, emigreer, die dood.

**Gee my 'n drukkie:** verstote, soek liefde, aanvaarding.

**Martiens se alleenste somer:** (tienerboek) dis my skuld dat ouers gaan skei, leiding vir jong kind wie se ouers gaan skei.

**Grootword is nie vir sissies nie:** (tienerboek) gesinsverbrokkeling, ouers onversoenbaar, aan wie se kant moet ek my skaar, selfverwyt.

**Ek sal jou nie vergeet nie:** dood van troeteldier, verlies, jy het jou plekkie in my hart.

**'n Kind bly 'n kind:** krisis, verlies, keuses, omgee, lewensvaardighede, probleemoplossing.

**Ysterklou die ongelukkige seerower:** ongeluksvoël, kinders wat baklei, meeding.

**Die drie vriende:** nare mense wat vriende afknou, verdeeldheid saai.

**Heleen en die heks met hoofpyn:** mense wat lelike goed oor ander sê, Heleen kan 'n verskil maak, want kinderkrag is towerkrag.

**Vuvuzela:**(tienerboek) uitsiglose plakkerskampbestaan, weeskind, maar... ek het 'n droom...



## GRONDSLAGFASE TITELS IN ONS VERSAMELING

| TITEL | STAND | TEMA |
|---|---|---|
| Ben en die walvisse | 839.363 MEN | Lewe, verlies, hernuwing |
| Omdat ek so lief is vir jou | 839.363 VANG | Geborgenheid, omgee |
| Raserige rygoed | 839.363 ALL | Klankknoppies, pret |
| Feetjie se prettige partytjie | 839.363 ALL | Leespret, klankknoppies |
| Karla Krullebol | 839.363 VANB | Fantasie-avontuur |
| Die drie vriende | 839.363 GRE | Vriendskap, lojaliteit |
| Plaas: soek en vind 100 woorde | 439.3681 PLA | woordeskatuitbreiding |
| Die prinses en die perfekte prys | 839.363 ALL | Leespret, klankknoppies |
| Die singende verkleurmannetjie | 398.2 SIN | Verwerping, selfbeeld, mentor, bemagtiging |
| Raserige diere | 839.363 PAR | Dieregeluide, ontdekking |
| Die prinses en die eenhoring | 839.363 BAX | sprokiesfantasie |
| Haasmoles | 839.363 JAC | Leespret, fantasie |
| Ek soek 'n tier | 839.363 DUN | troeteldiermaatjies |
| Dirk soek 'n drukkie | 839.363 MEL | Geborgenheid, omgee |
| Slaaptyd sonder Teddie | 839.363 MES | omgee |
| My heel mooiste sprokies | 398.2 MYH | sprokiesavontuur |
| Leah se meermin | 839.363 VANZ | avontuur |
| Eend, Dood en Tulp | 839.363 ERL | Verganklikheid, berusting |
| Soos 'n wens so groot | 839.363 MEN | Hartewens, verbeelding |
| Die boom se naam is Bojabi | 839.363 GRO | Hoop, uitkoms, oorwinning |








## VOLKSVERHAALTITELS

| | |
|---|---|
| Die Madiba-boek | 398.2096 MAD |
| Kaskenades van Jakkals en Wolf | 398.20968 ROU |
| Volledige sprokies van Grimm | 398.2094 GRIM |
| Eendag op 'n reëndag | 398.2096 MAA |
| Die mooiste dierefabels | 398.245 MAR |
| Dierefabels | 398.245 AES |
| Die Blommefeetjies | 398.361 BAR |
| Die drie klein varkies | 398.2094 BAX |
| Sneeuwitjie en ander prinsesstories | 398.2 WYB |
| Die prinses en die ertjie | 398.2 AND |
| Die keiser se nuwe klere | 398.2094 EMP |
| Modjadji@Makwena | 839.363 VER |
| Die Groot Afrikaanse heldeboek | 920.068 GRO |
| Vlieg, arend, vlieg hoog | 398.2096 GREG |
| Volksverhale van die Reënboognasie | 398.20968 GOD |
| Suid-Afrika, raar maar waar | 030.968 MAR |
| Afrikaans-is-lekker-verhale | 839.363 AFR |
| Afrika vertel 2 | 839.36301 AFR |
| Klaas Naald-hulle | 398.245 GRO |
| Stories wat Gogo my vertel het | 398.2096 GRA |
| Die mooiste sprokies van Grimm | 398.20943 GRI |
| Sowaar, sowaar, Van Hunks is 'n towenaar | 839.363 VANR |
| Verhale uit die Arabiese nagte | 398.20956 PER |












Help met leesprobleme en bou sy selfbeeld op, wees geduldig met die stadige lesertjie en motiveer voortdurend.

Skakel gereeld met die skool indien die kind leesprobleme ondervind en wees op hoogte met sy vordering.

Moedig die trae lesertjie aan deur boeke wat sy belangstelling prikkel, soos: Prente storieboeke; prenteboeke sonder teks waar hy self die storie opmaak; grapboekies; strokiesboeke; aksie-boekies; stokperdjie-boekies, ens.

Stel boeke beskikbaar in ouerhuis, gee 'n boek as geskenk.

Probeer om 'n huisbiblioteek of boekrak op te bou.

Besoek saam die biblioteek en laat die kind self sy boekkeuses maak.

Moedig hom aan om sy eie boekie te maak.

Hoe meer die kind lees, hoe meer olie hy die ratte van sy brein, sodat hierdie "masjien" glad kan loop.

Beter ouers: "If we want better teachers, we also need better parents – parents who turn off TV and video games, make sure homework is completed, encourage reading and elevate learning as *the* most important life skill."



**VOLKSVERHALE**

Volksverhale is 'n subtiele manier om die kind te begelei met die aanleer van persoonlike waardes.

Fabels, mites en legendes maak deel uit van volksverhale. Hierdie genres bevat universele waarhede.

Fabels het 'n eenvoudige storielyn, oor helde, dierekarakters - jakkals, wolf, hasie, skilpad, leeu, kraai, Uilspieël. Wysheid word uitgedeel, insig in menslike swakhede word gekry, die kind leer op subtiele wyse onbewustelik morele kodes en lessies aan. Goed en sleg, wysheid en dwaasheid word opgeweeg teen mekaar. Hartseer, verlies, bejammering, vrolikheid, selfbeeld, humor, konflik, oplos van probleme, om te leer oorwin of om dinge baas te raak, word hierin aangespreek.

Die kind vind genot en sekuriteit in dierestories.

Dit kan aanvullend tot Lewensoriëntering gebruik word.

Hierdie verhale vermaak, dit dien as gedrags- en sedelesse. Dit dra gebruike en tradisies oor, beklemtoon die waarde van gesonde verstand, dit dien as waarskuwing onder bepaalde omstandighede, en verklaar geheimenisse.



| TITEL | STAND | TEMA |
|---|---|---|
| Die eier | 839.363 ROB | Pret-avontuur |
| Dirkie | 839.363 VANG | Uniekheid |
| Net Sisi | 839.363 HAR | Vriendskap, liefde |
| Wanneer weggaan vir altyd is | 155.937 ROC | Afskeid, troos |
| Prinses Mossienes | 839.363 MAA | Egskeiding, ontvlugting |
| Die trol | 839.363 DON | Aksie-avontuur |
| Die son, die maan en die kombers van die nag | 839.363 HAR | lewenswaarhede |
| Oskar en die honger draak | 839.363 KRA | Fantasie-avontuur |
| Lili die wensfeetjie; dartel en draai | 839.363 THO | feetjiedrome |
| Moemin se verjaardag | 839.363 JAN | Vriendskap, verrassings |
| My bure | 839.363 VANG | Dieremaats, vriendskap |
| Wat is jy, Kartoffel? | 839.363 JON | identiteit |
| Die raasbek-bangmaak-boek | 839.363 TAP | grilavontuur |
| In die dorp: lig-die-flap skaduweeboek | 307.76 IND | Woordeskatuitbreiding, ontdekking |
| 'n Huis vir Tippie | 839.363 PER | Vriendskap, omgee |
| Bella blaas borrels | 839.363 GOL | betowering |
| Bybelstories vir slaaptyd | 220.9505 DAV | Bybelstories |
| | | |



| TITEL | STAND | TEMA |
|---|---|---|
| "n Hond sal dit beslis nie wees nie | 839.363 KAM | Fantasie, humor |
| Moenie vir Bernard soen nie | 839.363 DAL | Irritasie, oplossings |
| Kleuterskool toe | 839.363 KRU | Vrese, aanpassing |
| Wikus in die oerwoud | 839.363 HOU | avontuur |
| Thandiwe besluit | 839.363 GRO | keuses |
| God se droom | 839.363 TUT | Verdraagsaamheid, men-seregte, diversiteit |
| Jungle Beat raak wild | 839.363 DAW | Diere-avontuur |
| Die ruspe wat so honger was | 839.363 CAR | transformasie |
| Kerneels die geel kat | 839.363 RIC | uniekheid |
| Vuur en vlam | 839.363 THE | Avontuur, identiteit |
| 'n Baie verliefde krokodilletjie | 839.363 KUL | inisiatief |
| Emma se balletkonsert | 839.363 BAX | danspret |
| My groot skree-dag | 839.363 PAT | ontsteltenis |
| Prinses Pêrel en die koninkryk onder die see | 839.363 THO | ontdekking |
| Die tier wat kom tee drink het | 839.363 KER | Fantasie-leespret |
| Waarvoor is seerowers bang? | 839.363 JAC | vrese |
| Land van die groot woordfabriek | 839.363 DEL | Trefkrag van woorde |
| Die klein waterman | 839.363 PRE | Opwinding, fantasie-avontuur |









## OUERS SE ROL MET LEES

'n Kind word nie gebore met die begeerte om te lees nie, dit word daar geplant- deur ouers, onderwysers. Daardie akkertjie moet natgehou word sodat sy verbeelding kan uitbrei.

Min kinders sal van lees hou as hulle nie 'n ma, pa, onnie, as goeie rolmodel van lees het nie. Dink maar aan die effek wanneer so 'n rolmodel 'n boek met die towerwoorde begin….Eendag, lank, lank gelede…. Elke kind moet in sy lewe 'n ouma, ma, oom ens. hê wat vir hulle sprokies vertel en die towerwêreld van stories oopmaak. 'n Breër venster op die wêreld daar buite word oopgemaak – van ontdekking en verkenning. Saamlees en voorlees versterk gesinsbande.

Ouers skep sodoende 'n klimaat vir lees om liefde vir boeke te kweek. Stories wat voor slaaptyd gelees word, bring 'n positiewe assosiasie van warmte en liefde met boeke. Herhaaldelike herlees help met begrip, woordeskat en geheue.

Later sal hulle self biblioteek toe stroom om self stories te lees. As ouers nie voorlees, self lief is vir lees nie, word kleintjies nie aan die wonderwêreld van stories en boeke blootgestel nie, word die skatkis van onvergeetlike sprokies en fabels nie oopgemaak nie. Grootmense moet self geesdriftig oor lees wees, om kinders aan die lekker van lees voor te stel, want geesdrif is aansteeklik.

Gebruik die boek as konteks vir gesprek: wat sien jy in die prentjie? Wat kan volgende gebeur?

Maak hom deel van die storie, hy moet help om die probleem op te los. Laat die kind self die slot opmaak.

Prente kan dikwels die verhaaltjie op verskillende maniere vertel, so moedig jy die kind aan om sy verbeelding te gebruik.

Hoe reageer die kleuter op jou voorlees: vra hy dat jy die storie oorvertel? Probeer hy die storie aan andere "voorlees?" Verstaan hy op watter manier 'n mens 'n boek lees? Begryp hy en beoefen hy storiekonvensies soos …"eendag, lank, lank gelede was daar…" en "fluit-fluit, my storie is uit?"

Laat die kind na 'n storie op CD luister, so word hy blootgestel aan die model van vlot lees.

Bemagtig hom d.m.v die storie-inhoud, prikkel sy nuuskierigheid en leergierigheid.

Moedig enige vorm van leesaktiwiteit aan, al is dit hoe eenvoudig. Skep voortdurend geleenthede vir lees en skryf.

Laat hy sy gunsteling boek oor en oor lees om selfvertroue en leesvlotheid te bevorder.

Die nie-leser steek byna altyd af teen die leser, sy taal is arm en sy kennis en saampraatvermoë beperk.

| | | |
|---|---|---|
| Blitsvinnige Bybelstories | 220.950 ROC | Gewilde Bybelstories |
| Miemie in die middel | 839.363 FEA | Selfbeeld, selfwaarde, rolmodel |
| Teddie oorboord | 839.363 ROW | Fantasie-avontuur |
| Die eerste dag | 839.363 RAN | Vrese, aanpassing |
| Emma en die blêg | 839.363 PRE | Fantasie-avontuur |
| Nuwe Kinderverseboek | 839.361008 NUW | Omgewing, beroepe, ver-houdings, emosies, identiteit, taal, gedrag |
| Elsa en die Watsenaampie | 839.363 DAL | Vernuf, fantasie |
| Saamlees-stories vir kleuters | 839.363 PRI | Aksie-stories |

## OUERS SE ROL MET LEES











| TITEL | STAND | TEMA |
|---|---|---|
| Feliks Vos reis deur Sprokiesland | 839.363 STR | Sprokiesavontuur |
| Bertus soek 'n boek | 839.363 JAC | leesmotivering |
| Vergeet-my-nie: vriende is soos bloeisels | 839.36 BRO | Selfbeeld, selfwaarde, vriendskap, rolmodel |
| Die kleinste dinosourus | 839.363 FOR | Selfbeeld, selfwaarde |
| Ysterklou die ongelukkige seerower | 839.363 MAR | Kompetisie, samewerking |
| Los ons uit | 839.363 PRE | Aksie, samewerking |
| Die bootjie | 839.363 DOC | doelgerigtheid |
| My sussie is 'n alien | 839.363 BRI | Ruimte-fantasie |
| Hoekom praat grootmense so snaaks? | 839.363 SWA | Humor, uitdrukkings |
| Wat doen Pappa? | 839.363 BRI | bewondering |
| Die Muisboot | 823.363 BOU | Avontuurpret, ontdekking |
| Slaaptyd, Matilda | 839.363 JAC | Fantasie-avontuur |
| Skool: soek en vind 100 woorde | 439.363 SKO | woordeskatuitbreiding |
| Die voëltjie wat nie kon fluit nie | 839.363 JEN | Uitdagings, oplossings |
| Watter dier is dié? | 839.363 EDW | ontdekking |
| Geheim van die keel van die nagtegaal | 839.363 VER | Betowering, misterie |
| Sarel die supervark | 839.363 NAP | Fantasie-pret |
| Een miljoen vlinders | 839.363 Vand | Grootword,weggaan |






| TITEL | STAND | TEMA |
|---|---|---|
| Gee my 'n drukkie | 839.363 ROW | Randfiguur, meelewing |
| As ek jy was | 839.363 HAM | Verbeeldingsvlug |
| Die wiele van die bus | 762.13 TEC | Kinderrympies |
| Lelikste dier in die wêreld | 839.363 ROB | Uniekheid, selfbeeld |
| Mama Sebona gaan winkel toe | 839.363 MAC | Ontdekavontuur, innovasie |
| Siyolo se trui | 839.363 GRO | Onselfsugtigheid, medemenslikheid |
| Lila en die geheim van reën | 839.363 CON | Uitkoms, lewensonderhoud |
| 'n Trollie vol diere | 839.363 HAR | Inkopie-betowering |
| Toemaar, Dirk | 839.363 MEL | Kommer, vrese |
| My lig-die-flappie telboek | 513.211BRO | Telvaardighede |
| Liewe land, 'n olifant | 839.363 JAC | Humor, opwinding |
| 'n Ware heer | 968.065 CAS | Inspirasie, rolmodel |
| My-lig-die-flappie woordeboek | 439.3681 BRO | Woordeskatuitbreiding |
| Wie's my ontbyt? | 839.363 EAS | Inisiatief, dapperheid |
| Heleen en die heks met hoofpyn | 839.363 FOU | Fantasie, hekse-avontuur |
| 'n Huis vir Tippie | 839.363 PER | Vriendskap |
| Tata, fopspeen | 839.363 WEN | Besluitneming |
| Stefan en die dinosourus-eiland | 839.363 KNA | Fantasie-avontuur |
| Beer in 'n grot | 839.363 ROS | Ontuis ontnugtering |

| TITEL | STAND | TEMA |
|---|---|---|
| Wikus en die seerowers | 839.363 IVE | Aksie-avontuur |
| Wikus en die spookhuis | 839.363 IVE | Grilavontuur, poetse |
| Een miljoen vlinders | 839.363 VAN | Grootword, weggaan |
| Die boom se naam is Bojabi | 839.363 GRO | Hoop, triomf, Afrika-sprokie |
| Martie en haar ouma | 839.363 MOR | Liefde, begrip |
| Seerower-avontuur | 839.363 JAC | Aksie-avontuur, skatte |
| Trein na Kalkbaai | 839.363 ISA | Uitstappie-avontuur |
| Eerste woorde | 839.363 JAC | Kernwoordeskat-uitbreiding |
| Wat soek jy in ons sprokie? | 839.363 CON | Sprokiesavontuur |
| Seerowers sê altyd asseblief | 839.363 KNA | Goeie maniere |
| Cowboys kan ook jammer sê | 839.363 KNA | Goeie maniere |
| Die  vriendelike ballerina | 839.363 KNA | Goeie maniere |
| Prinsesse hou van deel | 839.363 KNA | Goeie maniere |
| Die storie van die leeu wat nie kon  skryf nie | 839.363 BAL | Inisiatief |
| Ben en die walvisse | 839.363 MEN | Lewensiklus, aanvaarding |
| Prinses Pippie verjaar | 839.363 LEG | Verjaardagkonsternasie |
| Die seekoei wat gelukkig was | 839.363 ELL | Gevoelens |
| Oupa se balletklas | 839.363 | Nagmerrie—humor |

